**Eksodus: Ellende, verlossing, dankbaarheid (OP160)**

**Eks 1:1-7**

**14 Januarie 2024**

Vandag begin ons met 'n nuwe reeks oor die boek Eksodus. Die afgelope paar maande het ons die eerste 25 hoofstukke van die boek Genesis oordink. In hierdie hoofstukke is ons gekonfronteer met vier verbonde wat die Here gesluit het: die skeppingsverbond, die verbond met Adam na die sondeval, die verbond met Noag en die verbond met Abraham. Die rede waarom ek nou tyd in Eksodus wil spandeer, is omdat ons in Eksodus leer van die volgende verbond wat die Here gesluit het – dit is die verbond met Moses, of soos dit ook dikwels genoem word: die Sinaiverbond. Dit is ook die verbond waarna die Nuwe Testament verwys as die Ou Verbond – in Heb 8:13, byvoorbeeld, word hierdie verbond as verouderd verklaar, as afgeleef, en naby aan verdwyning. Dit laat sekerlik die vraag ontstaan hoekom dit nodig is om tyd te spandeer aan 'n verbond wat oud en uitgedien is? Ek hoop dat dit spoedig duidelik sal word hoekom dit baie nuttig is.

Soos met Genesis, beplan ek nie om in detail deur die hele Eksodus te werk nie. Aanvanklik het ek gedink om te begin in Eks 12 met die instelling van die pasga, en om dan vandaar af verder te werk tot ten minste na die sluiting van die verbond in Eks 24. Maar hoe meer ek gelees het oor Eksodus, hoe duideliker het dit geword dat iets verlore sal gaan as ek die eerste gedeelte van die boek eenvoudig sou oorslaan. Ek wil vandag begin deur bloot inleidend na hierdie boek te kyk.

Ons het Eks 1:1-6 saamgelees. In hierdie verse lees ons die name van Jakob se 11 seuns wat saam met hom na Egipte gegaan het. Die 12de seun is natuurlik Josef, wat toe alreeds in Egipte was. Ons lees dat die geslag van Josef en sy broers reeds uitgesterf het teen die aanvang van die boek Eksodus, maar terselfdertyd lees ons dat die Israeliete (d.w.s. die nageslag van Jakob) vrugbaar was, vermenigvuldig het en besonder talryk begin word het – trouens die land van Egipte was vol van hulle. Hierdie inleidende verse maak dit duidelik dat die boek Eksodus nie net chronologies volg op Genesis nie, maar ook dat dit voortbou op die gebeure in Genesis. Reg van die skepping af was die opdrag van die Here dat die mens moet vermeerder en die aarde vul. Hierdie opdrag is herhaal na die sondvloed, en in die verbond met Abraham het die Here in besonder aan Abraham beloof dat sy nageslag so talryk sal wees as die sterre aan die hemel (Gen 15:5) – en dat hierdie nageslag juis deur Isak sou groei (Gen 17:21). Ja, teen die einde van Abraham se lewe het daar nog maar min tereg gekom van die hierdie groot nageslag – maar nou lees ons Jakob, wat Isak se seun was, het talryk geword. Hulle vul miskien nog nie die hele aarde nie, maar hulle is die hele Egipteland vol. Die geskiedenis in Eksodus bou dus voort op die geskiedenis in Genesis. In Genesis het ons gesien hoe die geskiedenis openbaringsgeskiedenis was, wat ons geleidelik al meer geleer het van die werk van die Here, veral in terme van die verlossing wat Hy besig is om te bewerk vir die ware nageslag van Abraham. Ons kan dus verwag om meer hieroor te leer in die boek Eksodus.

<u>Die misterie van God se volk in Egipte</u>

En tog is hier 'n misterie: Die nageslag van Jakob is die volk wat deur die Here uitverkies is, en duidelik is hulle deur die Here geseën – daarom is hulle talryk. Maar hulle is nie in die beloofde land wat die Here aan Abraham beloof het nie. Nee, hulle is in Egipte. Die vraag is: Hoekom is die nageslag van Abraham in Egipte? Hoekom is hulle nie in die beloofde land nie? In 'n sekere sin is dit 'n misterie. Vergelyk dit byvoorbeeld met die ballingskap wat eeue later sou plaasvind: daar is dit duidelik dat die volk in ballingskap weggevoer is a.g.v. hulle sonde. Is dit ook die rede waarom die volk nou in Egipte is? Die feit van die saak is die Bybel sê dit nooit in soveel woorde nie.

Wat ons wel weet is die volgende:

- Lees Gen 46:1-4. In hierdie verse is Jakob op die punt om na Egipte te trek weens die hongersnood in die beloofde land, terwyl daar kos in Egipte was weens die voorsiening van die Here deurdat Hy Josef vooruit soontoe gestuur het. In hierdie verse verskyn God aan Jakob, en Hy moedig Jakob aan om na Egipte te gaan. En dan beloof God aan Jakob dat Jakob daar 'n groot nasie sal word (wat, soos ons sopas gesien het, inderdaad gerealiseer het), dat God self saam met Jakob na Egipte sal gaan en dat Hy ook weer vir Jakob (se nageslag) sal terugbring na die beloofde land toe. Ons moet dus aflei dat dit absoluut die wil van die Here was dat Jakob Egipte toe moet gaan, en ook dat hulle lank daar sal bly.
- Lees Gen 15:13-16. Die Here het dit ook al jare vantevore aan Abraham bekend gemaak. Aan hom het die Here beloof dat sy nageslag 400 jaar lank vreemdelinge in 'n vreemde land sal wees – dit blyk nou die vreemde land is Egipte – en dat eers die vierde geslag sal terugkeer na die beloofde land. In vers 16 het die Here bygevoeg 'n rede hiervoor is die feit dat die sondeskuld van die Amoriete (d.w.s. die mense wat destyds in die beloofde land gewoon het) eers hulle volle maat moes bereik, voordat die Here Sy volk sal terugbring en dan met reg die bewoners van die land kan uitroei na hulle voldoende tyd gehad het waarin hulle hulle tot die Here kon bekeer.

Kan ek opsom: die rede waarom die volk van God in Egipte is, is omdat God dit so wou hê. Hy het hulle doelbewus daarheen gestuur – nie noodwendig weens 'n spesifieke sonde nie. Hoekom het Hy hulle soontoe gestuur? Hy het hulle soontoe gestuur met die doel dat Hy hierdeur Sy openbaringsgeskiedenis verder kan laat ontvou – nou kan Hy deur die verdere geskiedenis wys hoe Hy sy volk verlos, en ook hoe Hy die inwoners van die land uitdelg. Alles is presies gereed vir 'n verdere ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis.

Ek wil nou fokus op hoe twee kommentatore oorsigtelik na Eksodus kyk. Die twee kommentatore is Michael Barret en Alec Motyer.

<u>Die inhoud van Eksodus volgens Barret in: The Gospel of Exodus</u>

In sy boek "The Gospel of Exodus" maak Barret baie sinvolle opmerkings oor die boek Eksodus. Hy redeneer Eksodus openbaar baie waarhede oor die evangelie wat vir ons essensieel is om behoorlik te verstaan as ons God se verlossingswerk wil verstaan.

Dit is belangrik om raak te sien dat die Here op verskeie plekke in Eksodus spesifiek aan die Moses die opdrag gee om op te skryf wat besig is om te gebeur – kyk maar net na Eks 7:14 waar die Here vir Moses sê: "Skryf dit in 'n boekrol neer as 'n blywende herinnering". Netso lees ons in Eks 24:4 dat Moses alles neergeskryf het, en in Eks 34:27 sê die Here weer vir Moses hy moet dit neerskryf. Duidelik wou die Here hê dat ons die gebeure van hierdie boek beskikbaar moet hê as deel van Sy openbaring aan ons.

Barret sê Eksodus is 'n prentjie van verlossing. Hy beskryf Eksodus as 'n prentjie profesie van geestelike waarhede wat uiteindelik vervulling vind in die persoon en werk van die Here Jesus Christus. Barret herinner ons aan die drie afdelings waarin die Heidelbergse Kategismus opgedeel is – ek glo ons kan dit almal onthou: (1) Hoe groot ons ellende is, (2) Hoe ons van hierdie ellende verlos kan word, en (3) Hoe ons dankbaar moet wees oor hierdie verlossing. Dit is ook die indeling van die boek Eksodus: Eksodus beskryf eerstens vir ons die ellende van die volk in Egipte a.g.v. die verdrukking wat hulle daar beleef. Daarna beskryf Eksodus vir ons die verlossing wat die Here vir hulle bewerk het deur hulle uit Egipte uit te lei, waarna Eksodus aanbeweeg en aan die volk die wet van God en die voorskrifte vir die tabernakel gee as instrumente waardeur hulle hulle dankbaarheid

moet uitleef. Dit is g'n wonder nie dat Barret sy boek oor Eksodus "The gospel of Exodus" noem nie – Eksodus beskryf vir ons die evangelie in prentjies. Ek hoop dat ons oordenking van Eksodus ons gaan help om hierdie prentjies raak te sien en te verstaan, en om sodoende die evangelie beter te verstaan.

Onthou hoe 1 Kor 10:11 verwys na die gebeure met die volk in die Ou Testament: "Dit het met daardie mense as voorbeeld gebeur, en is as waarskuwing neergeskryf vir ons wat in die eindtyd verkeer". Eksodus is ook neergeskryf om vir ons in 2024 as waarskuwing te dien.

Dit is so dat ons in Eksodus 'n beskrywing het van die Here se handelinge met die fisiese volk Israel, terwyl ons dit nou wil van toepassing maak op die verlossing van gelowiges wat deel is van die Nuwe Testamentiese kerk. Dit skep direk die vraag: Wat is die verband tussen Israel in die Ou Testament en die kerk in die Nuwe Testament – 'n onderwerp wat deesdae baie aandag geniet, en waaroor daar verskillende opinies is. Ek wil dit nie in detail bespreek nie, maar wil net die volgende opmerkings maak: Natuurlik is daar verskille tussen die OT volk Israel en die NT kerk, maar daar is ook verskeie ooreenkomste. Kyk maar net na die volgende:

- Lidmaatskap van die volk Israel was grotendeels deur fisiese afstamming van Abraham – maar tog was daar uitsonderings, bv. Rut en Ragab. Lidmaatskap van die kerk, daarenteen, is nie volgens fisiese afstamming nie, maar tog is dit waar dat baie lidmate fisies aan mekaar verwant is.
- Omdat die fisiese volk Israel in 'n teokrasie geleef het, het die wette wat hulle van God ontvang het, ook landswette ingesluit – soos wat ons later in Eksodus sal sien. Die NT kerk bestaan egter oor lands- en volksgrense heen. Daarom is die OT landswette nie meer vir die kerk as sulks van toepassing nie, dit word vervang met die landswette van die lande waarin die kerk se lidmate woon.
- Tot 'n groot mate is die prentjies waarvan ons in Eksodus lees eksterne handelinge van die Here met die fisiese volk – maar tog was daar alreeds in die OT aanduidings dat dit oor meer handel as net die eksterne handelings. Dink byvoorbeeld aan die feit dat nie almal wat deel was van die fisiese volk deel was van die ware nageslag van Abraham nie – dink byvoorbeeld aan Ismael. Dink ook daaraan dat nie almal wat in die woestyn gesterf het, noodwendig ongelowig was en vir ewig verlore is nie – dink maar byvoorbeeld aan Moses. Daar was dus in die OT al die verwagting dat die eksterne handelinge 'n interne effek in lede van die volk tot gevolg moes hê, iets waarmee die NT baie sterk werk as ons leer dat interne wedergeboorte essensieel is om deel te wees van die ware kerk en die ware nageslag van Abraham.

Baie meer kan hieroor gesê word. Ek volstaan egter met hierdie enkele opmerkings. Ek hoop dit is duidelik dat die sigbare en uiterlike prentjies wat vir ons in Eksodus beskryf word, van groter geestelike waarhede getuig, wat selfs al in die OT vir gelowiges geldig was, en wat steeds vir NT gelowiges geldig is. Hierdie prentjies is vir ons gegee sodat ons hierdie groter waarhede beter kan verstaan – dit is die doel met die openbaringsgeskiedenis.

'n Verdere belangrike punt om raak te sien, is die volgende: As ons die openbaringsgeskiedenis wil gebruik as prentjie profesieë waardeur ons geestelike waarhede beter wil verstaan, dan moet dit tog sekerlik waar wees dat die geskiedenisbeskrywing waarop hierdie prentjie profesieë gebaseer is, akkurate geskiedenisbeskrywings wees. As die geskiedenisbeskrywing nie akkuraat is nie, dan moet ons wonder of dit werklik nuttig is om ons begrip van geestelike waarhede daarop te wil bou. Die vraag is dus: is die geskiedenisbeskrywing in Eksodus (en ook die res van die OT) akkuraat en betroubaar?

Ongelukkig is dit so dat daar kritici is wat baie vrae vra oor die geskiedenis in die boek Eksodus. Kan ek maar net twee aspekte noem: (1) Die hele saak van die fisiese uittog van die volk uit Egipte word bevraagteken omrede daar geen aanduiding van so 'n uittog in buite Bybelse Egiptiese geskiedenisbeskrywings is nie, en (2) Indien die uittog wel plaasgevind het, wanneer het dit plaasgevind?

Kom ons besin eers oor die vraag hoekom buite Bybelse geskiedenis nie die uittog beskryf nie. Ek dink Barret maak geldige opmerkings hieroor. Hy sê die volgende: Enige geskiedenisbeskrywing word geskryf met 'n spesifieke doel. Daar is eenvoudig te veel dinge wat gedurende 'n spesifieke periode plaasvind. Indien iemand die gebeure van daardie tyd beskryf, moet hy noodwendig selektief wees in wat hy insluit in sy geskiedenisbeskrywing en wat hy uitlaat. Die saak word verder bemoeilik deur die feit die geskiedenisbeskrywer moontlik nie eens bewus is van alles wat in daardie periode gebeur het nie. Geskiedenisbeskrywing is dus gebaseer op 'n seleksie van gebeure en word geskryf met 'n spesifieke doel. As Egiptiese geskiedskrywers nie die uittog beskryf het nie, kan dit moontlik wees omdat daardie skrywers nie geweet het van die uittog nie, of omdat dit nie spesifiek bygedra het tot die doel van hulle beskrywing van die geskiedenis nie. Maar dit beteken nie noodwendig die uittog het nie plaasgevind nie. Daarteenoor het Moses in opdrag van en onder leiding van die Here die gebeure in Eksodus opgeskryf. Die Here is die enigste Wese wat wel bewus is van alle gebeure. Hy het gekies om die uittog wel in Sy geskiedenisbeskrywing in te sluit – want dit is juis belangrik vir die doel van Sy openbaringsgeskiedenis – Hy wil juis deur die geskiedenis van die uittog demonstreer hoe Hy mense verlos. Hy is in die unieke posisie om geskiedenisgebeure akkuraat te kan beskryf, om werklik te kan onderskei wat werklik belangrik is, en om dit te gebruik om Homself aan ons te openbaar. Daarom moet ons ons nie van stryk laat bring as Egiptiese geskiedskrywers nie oor die uittog geskryf het nie.

Kom ons besin oor die datum van die uittog. Daar is twee sienings hieroor: Enersyds word geredeneer die uittog het in die 15de eeu vC plaasgevind. Hierdie siening word deur meeste konserwatiewe teoloë aanvaar. Hierdie datum volg direk uit 1 Kon 6:1. Hier lees ons dat Salomo in sy 4de regeringsjaar die tempel begin bou het. Siende dat Salomo in 970 vC aan bewind gekom het, beteken dit hy het die tempel in 966 vC begin bou. Maar 1 Kon 6:1 sê dit was 480 jaar na die uittog – wat dus beteken die uittog was in 1446 vC.

Daar is egter 'n alternatiewe siening onder tipies meer liberale teoloë dat die uittog eers sowat 200 jaar later plaasgevind het in die 13de eeu vC. Hierdie siening volg uit Eks 1:11 wat sê die Israeliete het die voorraadstede Pitom en Ramses gebou tydens hulle periode van slawerny in Egipte. Aanhangers van hierdie teorie is op grond van argeologiese opgrawings oortuig dat hierdie twee stede eers heelwat later gebou is. Ek gaan nie op die detail hiervan in nie – ek verwys jou na Walter Kaiser se kommentaar oor Eksodus waar hy beredeneer dat selfs hierdie argeologiese argumente is versoenbaar met 'n vroeëre datum vir die uittog. Al met al, kan ons oortuig wees van die akkuraatheid van die geskiedenis soos dit vir ons beskryf word in Eksodus. Immers is dit geskryf o.l.v. die Alwetende God, en dus kan ons dit gebruik om ons verstaan van geestelike waarhede te verdiep.

<u>Die inhoud van Eksodus volgens Alec Motyer in: The Message of Exodus</u>

Alec Motyer som in sy boek "The Message of Exodus" Exodus op as 'n verbondsnarratief, m.a.w. dit is 'n geskiedkundige verhaal wat fokus op die verbond van die Here met Sy volk. Hy sien ook die verband tussen die Eksodusgeskiedenis en die verbond met Abraham maak – immers handel beide oor die feit dat die Here beloof het om Abraham se nageslag groot te maak en dat hulle die beloofde land in besit sal neem.

Motyer lig boonop uit hoeveel ons van die Here leer in Eksodus:

- Hy lig spesifiek Gen 3:14 uit waar die Here aan Moses in die brandende bos verskyn het toe Moses deur die Here geroep is. Daar maak die Here Homself aan Moses bekend as "Ek is Wie Ek is", Hy sê Moses moet vir die volk gaan sê "Ek is" het hom na hulle gestuur. "Ek is" is natuurlik in Hebreeus "Jahwe", oftewel die naam vir God as die Verbondsgod, wat ons in Afrikaans vertaal met die HERE – in verskeie vertalings met hoofletters geskryf. Ek hoop om in opvolgende preke in meer detail hierby stil te staan.
- Ons leer ook ander eienskappe van die Here in Eksodus: In Eks 1-13 is Israel in Egipte, en ons leer die Here daar ken as hulle Verlosser. In Eks 13-24 is Israel by die berg Sinai, waar ons die Here leer ken as die Een wat naby hulle is, Motyer beskryf Hom as hulle "Companion" oftewel hulle Metgesel. In Eks 24-40 leer ons van Israel en die tabernakeldiens. Terselfdertyd leer ons dat die Here in die tabernakel woon – Hy is dus hulle inwonende God.
- Deurgaans in Eksodus leer ons die Here ken as die Heilige God. Sy heiligheid word uitgebeeld deur die voortdurende teenwoordigheid van vuur – vuur is tog 'n simbool wat dui op gebrek aan enigiets vuil of onrein, dus op heiligheid. So lees ons in Eks 3:1-5 van die verskyning van die Here aan Moses in die brandende doringbos. In Eks 13:21-22 lees ons van die wolkkolom en vuurkolom wat simbole was van die Here se teenwoordigheid by Sy volk. In Eks 19 daal die Here neer na die berg Sinai – vers 18 sê die Here het in vuur op die berg neergedaal. In Eks 40:34 ev lees ons dat die wolk en vuurkolom die tabernakel gevul het. Aan die een kant is hierdie voortdurende assosiasie van die Here met vuur vreesaanjaend, maar terselfdertyd is dit verstommend dat die Here as hierdie heilige God so intiem betrokke is by Sy volk, en selfs in hulle midde woon. Eksodus wil ons onder andere leer hoe dit moontlik is dat die volk in Sy teenwoordigheid kan kom – selfs al is Hy so heilig.

Soos Barrett, sien Motyer ook die ooreenkoms tussen Eksodus en die evangelie raak. Hy wys op die volgende: Sommer vroeg in Eksodus lees ons dat die Here vir Moses sê hy moet vir die Farao gaan sê Israel is Sy eersgebore Seun (Eks 4:22). Dit is ook waar die Matteus evangelie begin: Jesus is die Seun van Dawid en die Seun van Abraham (Mat 1:1), en Hy is ook die Geliefde Seun van Sy Hemelse Vader (Mat 3:17). Maar die ooreenkoms tussen Israel en die Here Jesus strek baie verder. Die volk Israel se bestaan is bedreig deur die politieke leiers van die dag in Egipte. Netso is Jesus se lewe bedreig deur die politieke leiers van Sy tyd. Soos die volk Israel, het Jesus ook na Egipte gegaan en ook teruggekeer van Egipte af (Mat 2:13-15). Soos wat die volk Israel na hulle uittog uit Egipte by die Rooi See gekom het (Eks 14), so beskryf Matteus kort na Jesus se terugkeer uit Egipte, Sy doop in die Jordaanrivier. Soos wat Israel na hulle deurtog deur die Rooi See, die woestyn ingetrek het (Eks 15:22), so is Jesus na Sy doop deur die Heilige Gees die woestyn ingelei (Mat 4:1). Soos wat die volk in die woestyn getoets is, so is Jesus getoets. In Eks 15:23 en 16:3 lees ons hoedat die volk gebrek aan water en kos beleef het, soos wat Jesus in die woestyn beleef het, maar ook dat Hy tydens die eerste versoeking deur die Staan weerstaan het om Hom met fisiese brood te voed (Mat 4:1-4). In Eks 17:2 verwyt die volk Moses, en by implikasie die Here, vir hulle gebrek aan water. Tydens die tweede versoeking van Jesus deur die satan het egter Hy geweier om die Here te versoek (Mat 4:7). Tydens die volk se verblyf by Sinai het hulle spoedig in afgodsdiens verval met die aanbid van die goue kalf (Eks 32:1-6). Tydens die derde versoeking van Jesus deur die duiwel het Jesus die duiwel teengestaan en daarop aangedring dat net die Here aanbid en gedien moet word (Mat 4:10). Die punt wat ons met raaksien is dat ons in Eksodus 'n beskrywing het van die seun van God, dit is Israel, wat in die nood is, wat verlossing nodig het en wat voortdurend faal. Daarteenoor vertel Matteus ons van die Seun van God, Jesus, wat self perfek gehoorsaam is in volle geregtigheid, en wat verlossing bring vir die ware Israel, wat ook die seun van God is (Mat 1:21). Dit is in Eksodus wat ons leer van die paaslam, wat gesterf het in die plek van die eersgeborenes van die Israeliete. Dit is in die

evangelies dat ons lees van Jesus wat tydens die pasga gekruisig is as die Ware Paaslam in die plek van Isak, in die plek van die eersgebore Israeliete, in die plek van elke ware nageslag van Abraham.

Eksodus beskryf God se manier van verlossing. Dit onderstreep God se aard as heilig, teenoor die aard van die mensdom wat sondig is. Eksodus beskryf die betekenis van bloed en offers. Eksodus is 'n boek wat die genade van die Here beskryf wat van die hemel af uitreik na Sy volk op aarde. Dit is 'n boek wat vir verloste sondaars die wet van die Here leer sodat hulle heilig en onberispelik voor Hom kan leef. Op 'n eenvoudige manier en deur fassinerende geskiedenisverhale leer Eksodus ons fundamentele waarhede. Eksodus is 'n reuse boublok in die openbaringsgeskiedenis. Dit is hartseer dat daar dikwels geredeneer word die ou verbond is uitgedien en afgesluit – daarom is dit nie nodig dat gelowiges hulle hierin hoef te verdiep nie, maar eerder moet fokus op die nuwe verbond. Mense wat so redeneer wil slimmer wees as die Here: Hy het dit immers nodig geag om eers aan ons die ou verbond te gee, voordat Hy die nuwe verbond ingestel het. Hy wil juis in die ou verbond prentjies gebruik om vir ons die beginsels van die nuwe verbond te verduidelik. Koms ons leer dan vanuit hierdie prentjies.

<u>Die groot sentrale waarheid van Eksodus (volgens Motyer)</u>

Eksodus is 'n dik boek van 40 hoofstukke. Ons leer baie dinge in die boek. Maar ons wil tog die vraag vra: Wat is dié groot sentrale waarheid wat in hierdie boek na vore kom? Wat kan ons beskou as die hoogtepunt van hierdie boek?

Motyer redeneer ons kan die hoogtepunt identifiseer as ons na die struktuur van die boek kyk. Soos dikwels in Hebreeus, volg die boek 'n chiastiese struktuur. Kom ek probeer dit verduidelik:

Die boek begin met die volk Israel in Egipte. In Egipte is hulle in slawerny en hulle moet voorraadstede bou vir die Farao – dit is die fokus vir die periode wat die volk in Egipte is (Eks 1-5). Die boek word afgesluit met 'n ekwivalente deel wat ook oor bouwerk handel – maar die keer is dit nie bouwerk vir die Farao nie, nee, dit is bouwerk aan die tabernakel as instrument in hulle diens aan die Here (Eks 35-40).

Die tweede hoofdeel van Eksodus is in hoofstukke 6-12 – hier lees ons van die 10 plae en hoe dit opbou tot die tiende plaag. Dit is juis met die tiende plaag dat die Israeliete gespaar word deur die bloed van die paaslam, en dit is die tiende plaag wat die Egiptenare laat besluit hulle kan trek. Daar is 'n teleurstellende ekwivalent vir hierdie hoofstukke in Eks 32-34 – hier handel dit nie oor die paaslam nie, maar oor die goue kalf wat die volk gebou het – tesame met die gevolge daarvan.

Die derde hoofdeel is in Eks 13-18. Hier lees ons van die Here wat die volk se Metgesel is. Hy lei hulle uit Egipte, Hy lei hulle deur die Rooi See, Hy gee vir hulle water, kwartels en manna en Hy lei hulle tot by Sinai. Daar is 'n ekwivalente gedeelte in Eks 25-31. In hierdie hoofstukke gee die Here aan die volk die voorskrifte vir die tabernakel – alles in voorbereiding vir die feit dat Hy nie net hulle Metgesel wil wees nie, maar dat Hy in hulle midde wil woon.

Dit bring ons by die sentrale gedeelte in Eks 19-24. Dit is in hierdie hoofstukke wat die Here Sy wet aan die volk gee, en ook wat Hy die Sinaiverbond met hulle sluit. Hierdie hoofstukke kan beskryf word as die hoogtepunt van die boek Eksodus – die gee van die wet en voorskrifte van die Here, en die sluit van die Sinaiverbond.

Sien jy die ontwikkelingslyn raak? Die boek begin met die volk in Egipte, besig om vir die farao voorraadstede te bou (deel A). Die Here hoor hulle nood en begin met voorbereidings vir hulle redding – die tien plae, wat 'n klimaks bereid met die bloed van die paaslam wat hulle spaar (deel B). Hierna is die Here hulle Metgesel deur die Rooi See en woestyn, wat vir hulle sorg en hulle lei na

Sinai (deel C). Dan die hoogtepunt by Sinai: die Here gee Sy wet en sluit die verbond (deel D). Hierna gee die Here voorskrifte vir die tabernakel sodat Hy ook in hulle midde kan woon – immers weet hulle nou wat Hy van hulle verwag (ekwivalent van Deel C). Ongelukkig minag die volk die wette van die Here, die verbond, selfs die bloed van die paaslam as hulle die goue kalf maak en aanbid (ekwivalent van deel B). Maar hulle bou steeds die tabernakel, en die Here kom woon steeds in hulle midde (ekwivalent van deel A).

Ek hoop julle begin verstaan hoekom ek nie maar net by Eks 12 met die instelling van die pasga begin nie, soos wat aanvanklik my plan was nie. Dan sou ons die opbou tot die hoogtepunt mis, asook die afloop na die hoogtepunt. Ek hoop ook dat hierdie kort inleiding en oorsig oor die boek jou voldoende geprikkel het om in die volgende paar maande saam met my in meer diepte na hierdie boek te kyk. Mag dit ons werklik help om die verlossingswerk van die Verbondsgod beter te verstaan.